# Reglement vir Privaatheid



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Inhoud

Reglement van Privaatheid


1. Inleiding 5
2. Omskrywings 5
3. Doel van reglement 7
4. Oogmerke van reglement 7
5. Omvang en toepassing 7
6. Beginsels van die reglement 8
7. Nienakoming van hierdie reglement 11
8. Beheer oor reglement 11



# Privaatheid

# Universiteit Stellenbosch Reglement vir Privaatheid

| | |
|---|---|
| **Soort dokument:** | Reglement |
| **Doel:** | Om die Universiteit Stellenbosch se standpunt ten opsigte van en begrip van privaatheidsverwante wetgewing te verwoord; om die privaatheidsverwante verpligtinge van personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch te verwoord. |
| **Goedgekeur deur:** | Rektoraat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 25 Mei 2022 |
| **Datum van operasionalisering:** | 1 Oktober 2022 |
| **Datum van volgende hersiening / frekwensie van hersiening:** | Tweejaarliks |
| **Vorige hersiening:** | 2019 |
| **Eienaar van reglement[1]:** | Rektor en Visekanselier (as statutêre inligtingsbeampte) |
| **Reglementkurator[2]:** | Adjunk-inligtingsbeampte |
| **Sleutelwoorde:** | Privaatheid, persoonlike inligting, databeskerming |
| **Geldigheid:** | Die Engelse weergawe van hierdie reglement is die deurslaggewende weergawe en die Afrikaanse weergawe is die vertaling daarvan. |

1 Eienaar van reglement: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
2 Reglementkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die reglement.

# 1. Inleiding

Suid-Afrika het die reg op privaatheid in die Suid-Afrikaanse Handves van Regte (die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika [Wet 108 van 1996]) vasgelê en daardie reg deur die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013) ("POPIA") ten uitvoer gebring. Die Universiteit Stellenbosch is daartoe verbind om die privaatheid van ons studente, werknemers en vennote in ooreenstemming met POPIA en verwante Suid-Afrikaanse wetgewing, internasionale wetgewing waar van toepassing, globale beste praktyke en ons verbintenis tot goeie institusionele bestuursbeheer te beskerm. Hierdie reglement:

- verwoord die Universiteit Stellenbosch se institusionele standpunt ten opsigte van privaatheid; en
- verhelder die POPIA-beginsels binne die institusionele konteks en waardes van die Universiteit Stellenbosch.

# 2. Omskrywings

**'Betrokkene'**, soos in POPIA omskryf, beteken die persoon op wie die persoonlike inligting betrekking het. Betrokkenes kan die volgende insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

- voornemende studente;
- aansoekers;
- studente;
- alumni;
- navorsingsdeelnemers;
- werknemers;
- kandidate vir indiensneming;
- besoekers; en
- lede van die publiek.

**'Operateur'**, soos in POPIA omskryf, beteken 'n persoon wat persoonlike inligting vir 'n verantwoordelike party ingevolge 'n kontrak of mandaat verwerk, sonder om onder die direkte gesag van daardie party te staan.

**'Persoonlike inligting'**, soos in POPIA omskryf, beteken inligting rakende 'n identifiseerbare lewende natuurlike persoon, of identifiseerbare bestaande maatskappy, insluitend, maar nie beperk nie tot:

- inligting rakende die ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, nasionale, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, liggaamlike of geestesgesondheid, welstand, gestremdheid, godsdiens, konsensie, geloof, kultuur, taal en geboorte van die persoon;
- inligting met betrekking tot die opvoeding of die mediese, finansiële, kriminele of diensgeskiedenis van die persoon;
- enige identifikasienommer, simbool, e-posadres, fisiese adres, telefoonnommer, liggingsinligting, aanlyn identifiseerder of ander besonderhede wat aan die persoon toegeken word;
- die biometriese inligting van die persoon;
- die persoonlike opinies, sienings of voorkeure van die persoon;
- korrespondensie gestuur deur die persoon wat implisiet of eskplisiet van private of vertroulike aard is of verdere korrespondensie wat die inhoud van die oorspronklike korrespondensie sou openbaar;
- die sienings of menings van 'n ander individu oor die persoon; en
- die naam van die persoon as dit saam met ander persoonlike inligting met betrekking tot die persoon verskyn, of as die bekendmaking van die naam inligting oor die persoon sou openbaar.

**'Assessering van privaatheidsimpak'**, ook soms bekend as 'impak-assessering van databeskerming' of 'impak-assessering van persoonlike inligting', is 'n proses wat ontwerp is om persoonlike inligtingsverwerking te beskryf, die nodigheid en proporsionaliteit daarvan te assesseer, en te help om die risiko's vir die regte en vryhede van natuurlike persone, wat spruit uit die verwerking van persoonlike inligting, te bestuur deur hierdie risiko's te assesseer en maatreëls in te stel om dit te versag. Hierdie omskrywing is aangepas uit die Europese Unie se *Guidelines on Data Protection Impact Assessment (DPIA) and determining whether processing is "likely to result in a high risk" for the purposes of Regulation 2016/679.*

**'Verwerking'**, soos in POPIA omskryf, beteken enige werksaamheid of aktiwiteit of stel werksaamhede, hetsy outomaties of nie, ten opsigte van persoonlike inligting, waaronder:

- die insameling, ontvangs, opneem, organisering, samevoeging, berging, bywerking of wysiging, verandering, raadpleging of gebruik;
- verspreiding deur middel van versending, distribusie, of beskikbaarstelling in enige ander formaat; of
- samesmelting, koppeling, beperking, aftakeling, uitwissing of vernietiging van inligting.

**'Verantwoordelike party'**, soos in POPIA omskryf, beteken 'n openbare of private liggaam of enige ander persoon wat, alleen of saam met andere, die doel en die verwerking van persoonlike inligting bepaal.

# 3. Doel van reglement

Die doel van hierdie reglement is om ’n bemagtigende institusionele omgewing te bevorder, waarin persoonlike inligting bestuur word op ’n wyse wat die Universiteit ondersteun om die reg op privaatheid ten uitvoer te bring.

# 4. Oogmerke van die reglement

Met hierdie reglement het die Universiteit ten doel om die operasionalisering van ’n gekoördineerde, multidissiplinêre en geïntegreerde benadering tot die bestuur van persoonlike inligting te ondersteun.

# 5. Omvang en toepassing

Hierdie reglement geld vir:

- alle inligtingskurators van die Universiteit Stellenbosch;
- alle studente (voltyds en deeltyds) en personeel (permanent en tydelik) van die Universiteit Stellenbosch, lede van institusionele statutêre liggame, en tot die mate waartoe van toepassing of nodig, derdeparty-medewerkers, verskaffers, kontrakteurs, diensverskaffers en handelaars;
- alle persoonlike inligting wat in, deur of vir die Universiteit Stellenbosch verwerk word; en
- alle prosesse wat die verwerking van persoonlike inligting insluit, institusionele sakeprosesse en akademiese (onderrig en leer, navorsing) prosesse ingesluit, maar nie daartoe beperk nie.

Enige verwysing na persoonlike inligting in hierdie reglement verwys ook na persoonlik identifiseerbare inligting en persoonlike data. Dit maak die toepassing van die reglement se beginsels in die wydste sin moontlik, ongeag verskille in terminologie volgens vak, dissipline of jurisdiksie.

Hierdie reglement vorm deel van die Universiteit Stellenbosch se groter inligtingsbestuursraamwerk. Verwys na die raamwerk vir verwante beleide en regulasies, besonderhede oor kernbegrippe, soos inligtingskurators, en bykomende omskrywings.

# 6. Beginsels van die reglement

POPIA is ’n stuk wetgewing wat op beginsels gegrond is. Hierdie reglement verwoord die Universiteit Stellenbosch se begrip van daardie beginsels binne die konteks van die Universiteit. In enige teenstrydigheid tussen POPIA, soos van tyd tot tyd gewysig, en hierdie reglement, sal POPIA as die geldige riglyn beskou word.

Die inligtingskurators van die Universiteit Stellenbosch moet die volgende beginsels op enige verwerking van persoonlike inligting in hulle omgewings toepas. Die inligtingskurators van die Universiteit Stellenbosch moet die toepassing van hierdie beginsels op enige verwerking van persoonlike inligting boekstaaf en kan verduidelik. Deur hierdie benadering moet die inligtingskurators, in hulle omgewings, die privaatheidsverwante veiligheidsmaatreëls wat die verantwoordelike verwerking van persoonlike inligting in alledaagse bedrywighede moontlik maak, formaliseer.

Die Afdeling Inligtingsbeheer verskaf bemagtigende opleiding, ondersteuning en hulpmiddels vir inligtingskurators. Inligtingskurators kan meer besonderhede oor hierdie dienste bekom by www.sun.ac.za/privacy.

## 6.1 Inligtingskurators moet die waarde van inligting herken, verstaan en toepaslik daarop reageer.

6.1.1. Alle inligting het waarde. Voordat persoonlike inligting verwerk word, of so gou as redelik moontlik vir bestaande prosesse, moet inligtingskurators ’n assessering van privaatheidsimpak doen om die waarde van die persoonlike inligting wat in hulle omgewings verwerk word, te herken en te verstaan.

6.1.2. Inligting het ’n lewensiklus wat begin met die insameling of skep daarvan, gevolg deur die gebruik en berging daarvan, en uiteindelik die wegdoening daarmee. Inligtingskurators moet alle prosesse wat verband hou met enige persoonlike inligting wat in hulle omgewing verwerk word, identifiseer en boekstaaf. Dit sluit in die aanteken van die bronne van persoonlike inligting, die verwerkingswerksaamhede, tot en met die behoud van of wegdoening met persoonlike inligting.

6.1.3. Met die waarde en lewensiklus van persoonlike inligting in ag geneem, moet inligtingskurators beheermaatreëls vir die beskerming van die persoonlike inligting wat in hulle omgewings verwerk word, ontwerp, implementeer en toets.

## 6.2 Inligtingskurators moet regverdigings vir die wettige verwerking van persoonlike inligting herken, verstaan en toepaslik daarop reageer.

6.2.1 Daar moet 'n regsgrondslag vir enige verwerking van persoonlike inligting wees. POPIA voorsien verskeie moontlike regverdigings[3] vir die wettige verwerking van persoonlike inligting. Vir elke verwerkingswerksaamheid moet inligtingskurators die regverdiging waarop hulle steun en die rede daarvoor identifiseer en boekstaaf, voordat persoonlike inligting verwerk word, of so gou as redelik moontlik vir bestaande prosesse.

6.2.2 Wanneer 'n derde party by die verwerking van persoonlike inligting betrokke is, moet inligtingskurators seker maak dat die toepaslike ooreenkomste bestaan. Sodanige ooreenkomste moet die betrokke verantwoordelike partye, die betrokke operateurs, die privaatheidsverwante verpligtinge van al die partye en die regverdiging vir die verwerking van persoonlike inligting duidelik uiteensit.

## 6.3 Inligtingskurators moet seker maak dat die verwerking van persoonlike inligting tot die minimum wat nodig is om ons doelwitte te bereik, beperk word.

6.3.1 Die wettigheid van die verwerking van persoonlike inligting hang af van die mate waartoe die verwerking op die individu se reg op privaatheid inbreuk kan maak. Sodanige inbreuk sal geregverdig wees indien daar geen minder indringende manier is om die doel van die verwerking te bereik nie.

6.3.2 Inligtingskurators moet verseker dat persoonlike inligting slegs verwerk word tot genoegsame mate om aan die doel van die verwerkingswerksaamheid te voldoen.

6.3.3 Inligtingskurators moet verseker dat persoonlike inligting slegs verwerk word as dit tersaaklik vir die doel van die verwerkingswerksaamheid is.

6.3.4 Inligtingskurators moet verseker dat persoonlike inligting slegs verwerk word as dit nie oormatig vir die doel van die verwerkingswerksaamheid is nie.

---

3 Persoonlike inligting mag verwerk word (raadpleeg artikel 11 van POPIA vir volledige besonderhede):
om 'n kontrak te sluit of ingevolge daarvan te presteer;
om 'n verpligting wat deur wetgewing opgelê word, na te kom;
om 'n wettige belang van die betrokkene te beskerm;
om die behoorlike uitvoer van 'n openbarereg-verpligting deur 'n openbare liggaam te verseker;
om die wettige belang van die verantwoordelike party of 'n derde party te verseker; of
met die toestemming van die betrokkene of 'n bevoegde persoon, waar die betrokkene 'n kind is.

## 6.4 Inligtingskurators moet die vertroulikheid, gehalte en beskikbaarheid van persoonlike inligting verseker.

6.4.1 Inligtingskurators moet beheermaatreëls ontwerp, in bedryf stel en toets, om die ongemagtigde bekendmaking van persoonlike inligting te voorkom.

6.4.2 Inligtingskurators moet beheermaatreëls ontwerp, in bedryf stel en toets, om die akkuraatheid en volledigheid van persoonlike inligting oor die hele lewensiklus daarvan te verseker.

6.4.3 Inligtingskurators moet beheermaatreëls ontwerp, in bedryf stel en toets, om die voortgesette beskikbaarheid van persoonlike inligting oor die hele lewensiklus daarvan te verseker.

## 6.5 Inligtingskurators moet deursigtigheid in die verwerking van persoonlike inligting verseker.

6.5.1 Inligtingskurators moet verseker dat individuele betrokkenes bewus is van wat ons met hulle persoonlike inligting doen, van hulle regte as betrokkenes en van die opsies tot hulle beskikking ten opsigte van hulle persoonlike inligting.

## 6.6 Alle personeel, studente, lede van institusionele statutêre liggame en derdeparty-verskaffers van die Universiteit moet potensiële inligtingskendings kan identifiseer en daarop kan reageer.

6.6.1 Alle studente, personeel, lede van institusionele statutêre liggame, derdeparty-verskaffers en handelaars is verplig om potensiële inligtingskendings aan te meld.

6.6.2 Die reglementeienaar(s), met die steun van die reglementkurator(s), moet verseker dat prosedures vir die aanmeld, ontleding, ondersoek en beperking van potensiële inligtingskendings ontwerp, in werking gestel en getoets word.

# 7. Nienakoming van hierdie reglement

Versuim om die beginsels van hierdie reglement toe te pas en te verduidelik, kan die Universiteit of die individue wat by verwerking betrokke is, aan nienakoming van Suid-Afrikaanse of internasionale inligtingsverwante wetgewing skuldig maak. Hierdie nienakoming kan boetes en eise kragtens Suid-Afrikaanse wetgewing teen die Universiteit Stellenbosch en/of die betrokke individue tot gevolg hê. Nienakoming kan die Universiteit ook aan beduidende reputasieskade en die betrokkenes aan onnodige risiko en skade blootstel.

Afhangende van die aard van die nienakoming, kan die Universiteit Stellenbosch sy inligtingskendingsprosedures in werking stel.

Die Universiteit Stellenbosch kan tugstappe teen personeel of studente instel vir nienakoming van hierdie reglement. Die Universiteit Stellenbosch kan teen lede van institusionele statutêre liggame en derdepartyverskaffers en -handelaar optree vir nienakoming van hierdie reglement, soos daar deur kontraktuele ooreenkoms of die tersaaklike wetgewing voorsiening gemaak word.

# 8. Beheer oor hierdie reglement

Die Rektor en Visekanselier, as statutêre inligtingsbeampte, besit hierdie reglement. Hulle is uiteindelik aanspreeklik vir alle verwerking van persoonlike inligting in die Universiteit Stellenbosch en is derhalwe teenoor die Universiteitsraad en die Rektoraat aanspreeklik vir die bestaan, inbedryfstelling, monitering van nakoming, en aanmelding van nakoming en nienakoming van hierdie reglement. Die Rektor en Visekanselier kan adjunk-inligtingsbeamptes aanwys om verantwoordelikheid vir die uitvoer van bogenoemde take te aanvaar, bykomend tot enige ander tersaaklike take of pligte, soos deur die Suid-Afrikaanse Inligtingsreguleerder omskryf.